



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

13 Julie 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: 1 Samuel 25:12-35

Teks: 1 Samuel 25:32-33

Sing: Ps 89:1,6; Ps 19:4; Ps 105:10,13;
Ps 119:5

DAWID PRYS DIE HERE OOR 'N VROU SOOS ABIGAIL

Dawid het die Here oor 'n vrou soos
Abigail wou prys- Dawid sien haar *optrede*
raak.

In die tweede plek- Dawid prys
God oor haar *taktvolle* wysheid, dit wat
haar verstand haar laat doen het.

In die laaste plek sien Dawid die
volle werking van God in haar as mens
want God se Gees het haar gees ingekom,
Dawid prys God oor *haar gees*...

KATKISASIE— Geen katkisasie vandag
Katkisasie lesse vir Laerskool op internet
beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS (10h30)

Skriflesing: Genesis 3:9-23

Nederlandse Geloofsbelydenis :

Artikel 17

Teks: Genesis 3:9,15

Sing: Ps 146:4; Ps 119:12; Ps 105:5

GOD SOEK DIE MENS OP

Artikel 17 bevat twee groot heilswaarhede
waarvan beide Genesis 3 se blaaië inkleur.

God wat die mens weer kom op-
soek al het die verskriklike sondeval so
pas plaasgevind en die tweede geweldige
troos is die moederbelofte wat ook in Gen.
3 staan.

VISITASIE

Ons as gemeente sal DV op 14 Aug. 2014
visitasie ontvang. As enige lidmaat graag
die visitatore wil ontmoet is u welkom om
sodanige afspraak deur die skriba te reël.
Die visitatore sal wees di. C Aucamp en H
Stavast soos deur die klassis in Sept. 2013
ooreengekom.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tettol>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan
gelees word by <http://bit.ly/12P9mzh>

Predikant:

Ds. Petrus Venter

012- 3356130

0847042348 (P) 0845119620(C)

pjventer@gkpretoria.org.za

9 de Laan 880

Wonderboom-Suid

www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 1 en 2 (sluit in susters skinkbeurt)

Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff

Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

Diensbeurt (20/07) (Wyke 6 en 7)

Ouderlinge: Jan du Plessis en Nico v/d Dussen

Diakens: Aalwyn Wolmarans en Reuben Grobler

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Thomas van Dyk, die seun van br en sr Johannes en Mariette van Dyk is deur n hond gebyt. Hy moes gehospitaliseer word maar ons is dankbaar dat hy reeds weer by die huis kon wees met die beserings aan sy hand. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is nog baie swak en kry baie swaar. Hy het ook onlangs geval en hele klomp steke aan sy kop moes ontvang. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaans bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. Hulle is op die stadium wel met vakansie. **Sr Winnie Lourens** is ons dankbaar om van beterskap te kon verneem. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

BESKUITPROJEK

Graag versoek ons u weer om as dit moontlik is kontant-bydraes tot vanjaar se beskuitprojek vir ons lidmate 70 jaar en ouer te maak. Graag wil ons susters elke jaar vir ons senior lidmate hiermee hulle meelewing betoon. Tot op hede was die skenking van bestanddele en kontant nog karig. **Daarom die versoek dat om die projek nou so gou moontlik van die grond te kry dat kontant-skenkings in besonder baie sal help.** Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek was op 8 Jun uitgegee. As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak.

PAUL KRUGER KINDERHUIS

75 jaar oud!

Die President Kruger kindershuis is vanjaar 75 jaar oud. Daar word 'n heerlike kuier vir 15 Aug. 2014 beplan met vermaak verskaf deur die Con Gracia sanggroep. Dit vind plaas by die Hoërskool Oos-Mootg Kaartjies beloop R200-00. Dit sluit 'n ete in. Enige verdere navrae en aankope vir kaartjies kan of deur sr Retha v/d Merwe (0837520930) of sr Wilna v/d Merwe (0827764823) gedoen word

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB DVB	Franse Radio- uitsendings
2de diens		Instand- houding
20/07/2014 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Instand- houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
21/07	Skole heropen
22/07	Finans/Advies vergd
24/07	Kerkraadsvergd

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verlede week

MATTHEÛS 18

In die Jubeljaar wat God vir die ou Israel daargestel het, het daar al hierdie gedagte van kwytskelding gesit. Daar was geen beperking vir hoeveel die naaste kwytgesteld moes word nie. Die Jubeljaar het ook profeties heengewys na God se oneindige vergiffenis in Christus.

Die onbarmhartige skuldeiser – Weer lig die Here wat Hy sê, toe met 'n gelykenis. Hy beklemtoon hiermee die genade wat in die Koninkryk bewys word.

18:23, diensknegte – Hier word bedoel die hoë amptenaars van die koning. In die ou tye was selfs hulle soms ook as “slawe” van die koning aangedui. Dit is waarom dit moontlik sou wees dat die amptenaar in die gelykenis so 'n magtige skuld kon opbou.

18:24, tiendusend talente – Die amper onmoontlike bedrag word deur Jesus geneem om ons onbetaalbare sondeskuld aan te dui, hoewel die gelykenis gaan om ons eie onderlinge vergewensgesindheid. Die **bedrag** van hierdie man se skuld was ongeveer gelyk aan die totale belasting van 'n provinsie.

18:25, dat betaal moet word – Die koning vereis in volle reg dat die skuld betaal moet word. In die heidense lande was dit 'n gebruik dat iemand selfs sy en sy gesin se vryheid verloor, al is dit net om deels al te betaal. Die amptenaar sou niks oorhou nie.

18:26, ek sal . . . betaal – Die man belowe eintlik die onmoontlike. Die gedagte is dat hy na vermoë sal probeer vergoed. Weereens sien ons onself, wat op geen manier die skuld voor God kan dra nie, maar ook hoe ons dikwels die skuld van ander teenoor ons as onbetaalbaar beskou. Dit is steeds 'n antwoord op Petrus se vraag, hoeveel ons bereid moet wees om te vergewe. (Of dit stoflike of geestelike skuld is, maak nie saak nie. Beide word hierby bedoel.)

18:27, innig jammer – God se barmhartigheid word hierin ook geteken, waarvolgens ons moet leer om self barmhartig te wees. Die amptenaar kry meer as waarvoor hy gesmeek het: totale vrystelling van sy skuld.

18:28, aan die keel gegryp – Die optrede van die onbarmhartige man word op die felste manier

geteken . . . dit is ook weer ons self wat afgeteken word in ons onbarmhartigheid. So maklik is 'n mens se optrede oor 'n ander se sonde teen jou ver buite verhouding met die saak. “Oorreaksie” is deel daarvan, en dit groei uit die eie “ek”, wat ons voel dat dit aangetas is.

18:29-30, smeeke hom . . . En hy wou nie – Met byna dieselfde woorde waarmee die eerste by die koning gesmaak het, vra sy skuldenaar uitstel. Met wreedheid en dalk uit wraaklyk word die tweede dienskneg in die tronk gegooi. Die eerste het geen les geleer uit die koning se genade aan hom nie.

18:31-34, oorgegee aan die pyntigers – Die onbarmhartige word nou “boos” genoem (in ons vertaling: “slegte”). Die skuld sou nooit betaal kon word nie, maar die beginsel geld nou: op sy liefdeloosheid volg die straf.

Soos in die Onse Vader gebid word “soos ons ook ons skuldenaars vergewe”, moet ons leer uit God se vergiffenis.

Waarlik: “Salig is die barmhartiges, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.”

MATTHEÛS 19

19:1, oorkant die Jordaan – Hierdie was die laaste besoek van Christus aan Galilea voor die kruisiging. Eers na Sy opstanding het Hy weer daarheen gegaan.

Oorkant die Jordaan - Nou was Hy op pad na Jerusalem, maar Hy gaan met die verder pad anderkant die Jordaanrivier en nie reguit, deur Samaria, nie. Die gebied daar, oos van die rivier, was Perea genoem. Die meer korrekte spelling is “Peraea”. Dit het gestrek van die Jarmoekrivier in die noorde tot by die Arnon in die suide. Herodus Antipas was daar regeerder in die vrugbare en vooruitstrewende gebied.

19:2, groot menigtes - Die plattelandse mense was daar minder onder die invloed van die Fariseërs. Daarom volg hulle Jesus, en het Hy nog geleentheid om hulle te leer en genesings te bewerk.

19:3, van sy vrou te skei – Die Fariseërs kom met opset met die volgende vraag, om Jesus op 'n slag van dwaalleer te vervolg, of om Hom ten minste van die mense te vervreem. Eintlik was dit 'n gevaarlike vraag om te beantwoord, terwyl Antipas sy broer se vrou, Herodias, as vrou geneem het.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

5 Jul 1822– Lord Charles Somerset verklaar Engels as enigste amptelike taal in die Kaap; 5 Jul 1882– Dr. HCM Fourie gebore; 6 Jul 1373– Kerkhervormer Johannes Huss gebore; 6 Jul 1916– Audrey Blignaut gebore; 7 Jul 1415– Johannes Huss sterf marteldood deur verbrand te word; 7 Jul 1980– Skrywer Johannes Meintjes oorlede; 8 Jul 1858– Aankoms ds. Dirk Postma in Simonsbaai; 8 Jul 1866– Ds. Dirk Postma neem afskeid van Rustenburg gemeente; 9 Jul 1991– SA word tot die Olimpiese beweging hertoegelaat; 10 Jul 1507– Johannes Calvyn gebore; 10 Jul 1797– Voortrekkerleier Piet Uys gebore; 14 Jul 1888– Pres Brand van die OVS oorlede; 14 Jul 1904– Pres Kruger kom in Clarens Switzerland; 16 Jul 1876– Anneksasie diamantvelde aan Kaapkolonie; 18 Jul 1870– Rooms-Katolieke pous onfeilbaar verklaar; 19 Jul 1965– Ingrid Jonker sterf; 20 Jul 1901– Gezina Kruger (egg Pres Paul Kruger) oorlede; 23 Jul 1853– Genl. Andries Pretorius oorlede; 24 Jul 1866– Ds. Andrew Murray (sr.) oorlede; 25 Jul 1971– Dr. Chris Barnard doen die eerste hartaanplanting; 25 Jul 2009– Prof. MCE van Schoor oorlede; 26 Jul 1804– Invoering van die Kerkorde van De Mist; 26 Jul 1876– Genl. Manie Maritz gebore;

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (8) Dr. W.H. Velema

Vervolg van verlede week

Messiaanse tussenspel?

.... Gebruik ons die begrip ‘kontinuïteit en diskontinuïteit’ (Van Genderen), moet ons die Middeleeuse uitdrukking ‘totaliter aliter’ (‘heeltemal anders’) kwalifiseer. Die laasgenoemde is in ’n sekere sin waar. Ons kan ons nie die heerlijkheid van die hemelse saligheid in sy volle omvang, hoogte en diepte, lengte en breedte indink nie. Daarmee is egter nie genoeg gesê nie, want die beginsel — as ons dié woord maar hier kan gebruik — sal dieselfde wees.

Gerig op vereniging met Christus

Hiermee kom ons by die vraag: hoe kan en moet ons die hemellewe tegemoet gaan? Paulus spoor ons in 1 Tessaloniense 4:8 daartoe aan. Ons moet die sondes wat ons verhinder om in verwagting op Hom besig te wees, voor God bely en dit ook bestry. Dit kan alleen gebeur as die Heilige Gees die sondes aan ons ontdek. Die kennis en belydenis van hierdie belemmerende sondes is deel van die geestelike lewe van ’n Christen. Moet daar nie in die prediking en geloofsgesprekke meer aandag aan die ewige lewe in die nuwe hemel en die nuwe aarde, gegee word nie? Ons lees die belofte van die Heiland in Openbaring 22:20: “*Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou*”. In hierdie belofte druk Jesus ook die verlange na sy verskyning aan ons, uit.

In antwoord op sy verlange na haar sê die bruid: “*Amen*”, en bid: “*ja kom, Here Jesus!*” Dit is goed om die gemeente, wanneer ons die loflied op God in die kerk sing, daaraan te herinner dat die gesaligdes in die hemel dit in volkommenheid doen. Wanneer ons in ’n kersdiens ‘*Ere aan God*’ sing, kan vir die gemeente gesê word: hulle wat ons na die hemel voorgestaan het, sing dit daar in volmaaktheid. Dit is goed om die vraag te (laat) stel: Hoe staan dit in ons lewe met hierdie bede?

Die spanning tussen die hemelverlange en die opdrag op aarde

In verband met die praktiese beleving van hierdie verlange wys ek op Filippense 1:21 en die daaropvolgende verse. Paulus sê, “*vir my is die lewe Christus en die sterwe wins . . . ek het verlange om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste*”. Dit is helder duidelike taal, vir g’n misverstand vatbaar nie. Tog laat Paulus daarop volg: “*maar om in die vlees te bly, is nodiger om julle ontwil. En dit vertrou en weet ek dat ek sal bly, ja, saam met julle almal sal bly tot julle bevordering en blydskap in die geloof. . . .*”

Word vervolg

Vandag – Laurika Henning 0726580998	17/07– Veronique Steenekamp 0727481060
15/07—Anneke Smith 0726144470	20/07– Lukas de Beer 0844009333
16/07– Sophia Malan 0825693131	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer</i>

Bate geluk met u verjaarsdag